In liefdevolle herinnering aan



# Hannes van't Zand

1 Feb 2024 - 8 Mei 2024



# DIE TROOSDIENS VAN

# HANNES VAN'T ZAND

Die Troosdiens word waargeneem deur Ds Christie Roets vanuit die Gereformeerde Kerk Alberton-Wes op Vrydag, 10 Mei 2024 om 11v.m.

**Teksvers**: Lukas 23:46
'Met 'n harde stem het Jesus uitgeroep: "Vader, in U hande gee Ek my gees oor!" Nadat Hy dit gesê het, het Hy Sy asem uitgeblaas.'

**Liedere**: Lied 292:1
Lied 602:1,3 & 5

**Briefies vir Hannes**: Dirk van't Zand

**Bedankings**: Zander van't Zand

# BEGRAFNISBRIEF

**Vir 3 maande en 'n week
het die Here sy kind,
Hannes, aan ons geleen.
Ons het hom omring met liefde
soos wat die Here ons nog altyd
omring met Sy liefde.
Ons verlang na Hannes
en alles wat hy sou kon wees,
maar ons treur nie soos hulle
wat geen hoop het nie.
Ons gaan nog dikwels op aarde huil,
maar ons weet:
in die Hemelvader se hande
huil Hannes nooit meer nie.**



## LIED 292

My enigste troos in lewe en dood
Is dat ek aan Jesus Christus behoort
Met Sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop
Dis my anker, my vaste hoop.

Ek behoort aan die Here
Niks sal my ooit van Hom kan skei
Met Sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop
Dis my anker, my vaste hoop.


## LIED 602

1. Ek sien 'n nuwe hemel kom
'n Aarde nuut en vry,
Die see en al wat skei verdwyn
God self kom by ons bly.

3. Die Heer droog al die trane af
Verby is droefheid, dood,
Ja, pyn en smart wyk uit die hart
Ons moeite, angs en nood.

5. Oorwinnaars sal ons alles erf
En drink uit die fontein
Van lewenswater, heerlik, rein,
En God sal oor ons skyn.





**Ilze (2024)**




















Let your faith
be taller than
your fears.



# BRIEFIES VIR HANNES

Liewe babatjie,

Ek gaan jou so baie mis. In hierdie 3 maande, maar selfs voor dit,
het ek al so verskriklik lief vir jou geword.
Ek gaan nog vir lank trane hê wanneer ek aan jou dink
• Die pragtige glimlaggie as ek jou doek ruil
• Hoe jy vir die diertjies op jou mobile begin kyk het
• Die tye wat ek jou in die baby carrier gedra het

Ek en jou Mamma het jou nooit vir 'n enkele oomblik verwyt nie.
Ons was reg om elke stap saam met jou te wees vir chemo, maak nie saak hoeveel jare dit sou vat nie, as jy maar net weer kon terugkom na ons toe.

Jou sussie is ook baie lief vir jou, sy het selfs gesê "As ek 'n wens kon kry, sou ek wens dat ons terug kon gaan in tyd en dat die dokters dan sê Boetie gaan OK wees."

Al verstaan ons nie vandag hoekom jy vir so kort rukkie by ons was nie, weet ons ons sal eendag God se plan met jou lewe verstaan. Maar ons weet jy het jou wedloop voltooi, dit was nie kortgeknip nie, en jy wag nou by die wenstreep vir ons.

Ons dank die Here dat Hy ons ook die krag gegee het toe ons al moedeloos was sodat ons die laaste tyd saam met jou ten volle daar vir jou kon wees.

Jou Pappa Willem Dirk

Hannes, my perfekte seuntjie met jou mooi hare en lang wimpers.
Ons het vir jou gewag en was so bly om jou te kry. Toe Mamma jou vashou toe weet ek ons gesinnetjie is nou vol.

Mamma het dit so geniet om jou vas te hou en te versorg. Jy lyk nes jou sussie toe sy 'n klein babatjie was, en ek het uitgesien om te sien hoe jy groot word. Mamma het jou altyd probeer versorg al is dit twee uur die oggend.

Die laaste paar weke het jy begin mensie word. Jy het jou handjies begin ontdek en probeer gryp, vir almal geloer en begin meer en meer glimlag.

Ek sou nooit dink ons paadjies moet nou eindig. Jy het so sterk baklei vir so klein lyfie.

Weet net ons is baie lief vir jou, en dankbaar Liewe Jesus het jou vir ons vir hierdie klein rukkie geleen.

Mamma sal jou weer eendag vashou.

Jou Mamma Leone

Ons bid ons kinders groot
Dat hul in Christus floreer
‘n Lewensmaat uit sy hand omhels
En nuttig hul lewe loop
Dit word alles waar
Hulle is van ongeloof en wanhoop gespaar
En maak iets van Gods heerlikheid sigbaar

Ons bid ons kleinkinders groot
Op dieselfde lees geskoei
Dat hul reg sal glo, goed sal trou
en mooi sal werk
So wil ons biddend hul hande versterk
Om ook in hulle die heerlikheid te bemerk

Dan die Donderslag... het ons dan verloor?
Nee, hy is ons voor:
In Christus is die sterwe wins en...
Hannes kry die kortpad,
hy aanskou alle heerlikheid.

Van Oupa Dirk en Ouma Melinda



**Boetie**

**Ons sal nooit van jou vergeet nie.
En ek is baie, baie, baie, baie,
baie, baie, baie, baie, baie lief vir
jou!**

**Van Ilze**



**Liefste Hannes**

**Ons het vandag die seerste seer. Dis 'n pyngedagte, ons weet nie, maar die Here weet. Jy was so spesiaal vir ons gegee om net lief te hê en te bederf, nou kan dit nie meer nie. Ons is so seer vir pappa en mamma. Ons het uitgesien na jou eerste glimlaggie en dit was so spesiaal. Een van ons sonstraaltjies is weg en nou bly net die seer. Ons weet jy bly nou by Liewe Jesus en dis ons vertroosting. Die Here is groot en goed en Sy plan is altyd reg. Ons sal jou nooit ooit vergeet nie want jy sal altyd 'n plekkie in ons harte hê.**

**Baie liefde, Oupa Leon, Ouma Stien en Sumie**

Ons verlosser se stem weerklink uit die hemele
"Laat die kindertjies na My toe kom..."
'n Geliefde seuntjie leef nie meer tussen ons nie,
maar 'n plekkie in die hemel is nou gevul.
Seer en trane is daar nie meer nie.
Geloof, troos en genade is oorvloedig
Tot weersiens liefste Hannes.
Ons leef in blye afwagting vir die dag wat ons weer ontmoet.

Baie liefde Zander, Marina, Sybert en Anna



Liewe Hannesie

Elke enkele oomblik met jou was kosbaar. Jou glimlaggie kon 'n glimlag op enige iemand se gesig sit. Ons is ongelooflik dankbaar dat die Here jou vir ons geleen het, al was dit kort. Ons glo en vertrou dat die Here jou in Sy hand hou en eendag sal ons jou weer sien. Jy gaan elke dag gemis word.

Ons is dankbaar dat ons jou darem 'n paar skelm happies Nutella en melktert kon gee as jou mamma nie gekyk het nie.

Jy het ons lewens verander in die beste manier toe jy by ons familie aangesluit het. Al is ons harte stukkend, sal die Here ons genees en vir ons wys dat Sy plan net die beste intensies vir jou ingedagte gehad het. Ons sal altyd lief vir jou bly. Die Here het een van sy engeltjies terug gekry en alhoewel ons jou verskriklik baie mis,
is ons bly dat jy veilig is in die Hemel.

Johannes 13:7 'En Jesus antwoord hom: "Wat Ek doen, begryp jy nie nóú nie, maar later sal jy dit verstaan."'

Al ons liefde, Tannie Cie, Clarice en Kian

Liewe Hannes,

Alhoewel ons tyd saam kort was, was die impak wat jy op my lewe gemaak het onmeetbaar. Ek onthou hoe ek jou in my arms vas gehou het, jou klein vingers om myne gevou, jou oë nuuskierig en helder. Jy het soveel lig en liefde in hierdie wêreld ingebring, en jy het elke dag spesiaal gemaak deur net hier te wees.

Ek dink aan jou glimlaggies, jou sagte gekuier, en hoe jou teenwoordigheid alles reg laat voel het. Jy het 'n sagte gees gehad, en ek weet jy is nou omring deur warmte en rede. Ek wens ons kon meer oomblikke gedeel het, gesien het hoe jy groei en die mylpale wat voorlê gevier het, maar ek is dankbaar vir die herinneringe wat ons geskep het in die kort tyd wat ons gehad het.

Jy sal altyd in my hart bly en ek sal jou altyd saam my dra waar ook al ek gaan.

Met al my liefde, Dominique.

**Baie dankie vir u gebede, ondersteuning, boodskappe en blomme.**

**Van Leone en Willem-Dirk**